## VIR DIE HOËRSKOOL

## KOMMANDANT LOUW WEPENER

Die familie Wepener wat op een tydstip so 'n prominente rol in die Oranje-Vrystaat gespeel het, is van Sweeds-Duitse afkoms. In die agtiende eeu het 'n sekere Sweed, Frederik Jacobus Wepener, wat van Stockholm, Swede, afkomstig was, hom om gesondheidsredes aan die Kaap gaan vestig. Hy was getroud met 'n Duitse dame, Julia Leonora von Herven. Uit hierdie huwelik is twee seuns gebore naamlik, Frederik Jacobus en Ernst Ludwig.

Die vader was 'n doktor in die medisyne maar aan die Kaap het hy nooit weens sy swak gesondheidstoestand, gepraktiseer nie. Twee jaar na sy aankoms in die Kaap is hy oorlede. Die weduwee het al haar besittings verkoop met die uitsluitlike doel om terug te gaan na Europa. Sy is egter ook kort na haar eggenoot oorlede. Die twee kinders van vier en twee jaar onderskeidelik is deur die weesheer van die Kompanjie onder beskerming van 'n voog, P. H. de Villiers, geplaas.

Die voog het toegesien dat beide die seuns hulle in die wamakery bekwaam. Na hulle mondigwording is altwee na die oosgrens van die Kaapkolonie waar hulle hul in Graaff-Reinet gevestig het. Hier het Frederik Jacobus getrou met Johanna Maria Erasmus. Uit die huwelik is ses kinders gebore waarvan Louwrens Jacobus die vierde-oudste was en op 21 Julie 1812 die eerste lewenslig gesien het.[1]

Louwrens Jacobus (Louw) Wepener het as kind reeds getoon dat hy 'n helder verstand besit. Sy opleiding het hy ontvang van dr. Robertson, destyds hoof van die opleidingskool in Graaff-Reinet. As gevolg van sy aanleg en vordering het die plan bestaan dat hy hom as predikant moet bekwaam. Dr. Robertson en ds. Murray het hom in hierdie ideaal ten volle gesteun en hulle was selfs bereid om hom na Skotland vir verdere studie te stuur. Hy het dus vir die tyd waarin hy geleef het, 'n goeie opvoeding ontvang. Hy kon Hollands en Engels ewe goed skryf en praat, terwyl hy ook iets van Duits en Frans geweet het. Op tienjarige leeftyd ontval sy moeder hom en vier jaar later sterf sy vader. Sy oom Lourence Jacobus Erasmus (na wie hy geheet het) het ewewel 'n heeltemal ander wending aan sy lewe gegee, deur hom op te eis na die dood van sy vader.[2] Hy groei dus verder op as 'n boerseun op sy oom se plaas en was dus, soos dit trouens die geval met die meeste seuns in daardie tyd was, op die boerderybedryf aangewys.

Wepener het opgegroei in 'n tyd toe daar gedurig oorlog tussen die blankes en naturelle op die oosgrens geheers het. In hierdie konflikte het hy ook deel gehad vandat hy oud genoeg was om 'n geweer te hanteer.[3]

Op 27-jarige leeftyd is Louw Wepener getroud met Hester Susanna Nel. Uit hierdie huwelik is een seun gebore maar drie maande later ontval sy vrou hom. Die seuntjie heet Frederik Daniel Jacobus, in latere jare lid van die Vrystaatse Volksraad en landdros van die dorp Wepener (wat na sy

---

1. Wepener, F. D. J.: *Louw Wepener*, pp. 100-101.
2. Preller, G. S.: Soos verskyn in *Manne van Betekenis* deur P. J. Nienaber, p. 117.
3. Theal, *History of South Africa*, p. 168.

vader vernoem is). In 'n latere leeftyd word hy ook landdros van Zeerust en Heidelberg in Transvaal.[4]

In 1843 is Louw Wepener vir die tweede maal getroud, met Hilletje Maria van Aardt, weduwee Du Rand wat vier kinders gehad het. Uit die huwelik is ses kinders gebore.[5]

Louw Wepener het destyds in die distrik Somerset-Oos gewoon en as 23-jarige man neem hy as waarnemende veldkornet deel aan die sesde Grensoorlog (1834-1835). Voor die uitbreek van die sewende Grensoorlog (1846-1847) besluit Wepener ook om te trek. Drie van sy broers het met die Voortrek saamgegaan en hy wou hulle gaan opsoek. Hy spoor hulle aan die Stormberge op en saam trek hulle na Aliwal-Noord waar hy vir hom 'n plaas „De Nek" koop. Met die uitbreek van die agste Kafferoorlog (1850-1853) op die oosgrens van die Kaapkolonie, is Louw Wepener daarheen as veldkornet oor 'n afdeling burgers van Aliwal-Noord. Op kommando is hy tot vegkommandant bevorder. Hierdie rang het hy behou tot 1862 toe hy oor die Oranjerivier getrek het om 'n Vrystaatse burger te word.[6]

Aan die begin van die jaar 1858 kom Louw Wepener vir die eerste keer in aanraking met die Vrystaat. Om te begryp waarom hy oor die Oranjerivier gegaan het, is dit egter nodig dat ons 'n goeie begrip moet hê van die strominge wat daar in die gebiede oorkant die rivier geheers het. Dit is ook noodsaaklik dat ons op hoogte van sake kom van die onderlinge verhoudings wat daar tussen die Oranje-Vrystaat en Basoetoland geheers het.

Toe die Britse gesag die Soewereiniteit oor die gebied tussen die Vaal- en Oranjeriviere prysgee, het die Republiek met die Bloemfontein-konvensie (23 Februarie 1854)[7] onder baie moeilike omstandighede tot stand gekom.

Theal is dus reg waar hy van die stigting van die Vrystaatse Republiek in sy boek *Basuto History* konstateer: „Seldom has a civilized community been thrown entirely upon its own resources under circumstances so unfavourable as those in which the Orange Free State commenced its existence."

Die burgers wat in die oostelike gedeelte van die Vrystaat gewoon het, was vir baie jare blootgestel aan die vernietiging van hul eiendom en groot veeverliese as gevolg van strooptogte deur verskillende Basoetostamme wat die oppergesag van kaptein Mosjesj erken het. Vir hierdie oortredings was daar nie voldoende vergoeding vir die verliese van die burgers deur die Basoetokaptein gelewer nie en nooit was hierdie rowers vir hulle oortredings gestraf nie. Die gevolg was dat veediefstal en inbreukmaking op gebiede van die Vrystaat naderhand so 'n groot omvang aangeneem het dat daar reeds in 1855 amper 'n oorlog tussen die Vrystaat en die Basoeto's ontbrand het.[8]

Hierdie toestand het tydelik verbeter en Mosjesj het selfs sover gegaan om sy seun Nehemiah te stuur om by Koesberg te gaan woon met die

4. Nienaber, *Manne van Betekenis*, p. 118.
5. Wepener, *Louw Wepener*, p. 102.
6. Nienaber, *Manne van Betekenis*, pp. 118, 119.
7. Grobbelaar, J. J. G.: *Die Vrystaatse Republiek en die Basoetovraagstuk*, *Argief-jaarboek*, tweede jaargang, deel II.
8. Lagden, sir G.: *The Basutos*, p. 221.

instruksies om veediefstal sover moontlik te onderdruk. Hierin het Nehemiah tot 'n groot mate geslaag sodat daar vir 'n tydperk tot aan die einde van 1857 betreklik min veediefstalle voorgekom het. Dit is 'n bewys dat Mosjesj voldoende gesag oor sy onderdane kon uitoefen as hy maar net wou. Die pogings van Nehemiah om orde te handhaaf het egter teen die einde van 1857 afgeneem.[9]

Die toestand op die grens het nou weer 'n ernstige wending geneem. Die goeie werk van Nehemiah is grotendeels verydel deur die moedswillige optrede van Letsie, sy broer, onder wie se aanmoediging die diewery weer begin opflikker het. Die Basoeto's het hulle nie alleen by veediefstal bepaal nie maar op brutale wyse het die onderdane van Poshuli, Morosi, Lebeneya, Molitsani en Letsie oor die grens gedring en hulle wederregtelik gaan vestig op bewoonde plase.[10] Die wonings, tuine en boorde van hierdie plase word dan ook totaal deur hierdie indringers verwoes. Hierdie brutale optrede van die Basoeto's het die inwoners van die oosgrens-gebiede van die Vrystaat genoodsaak om aan die begin van Februarie 1858 hulle plase te verlaat en in laers saam te trek.[11]

Gedurende hierdie tyd was Louw Wepener toevallig vir nagmaal in Aliwal-Noord toe hy verneem van die optrede van die Basoeto's teen sy landgenote oorkant die rivier. Hy kon self die rook sien van brandende plaaswonings gestig deur 'n bende Basoeto's wat 'n rooftog gemaak het in die Vrystaat regoor Aliwal-Noord.[12] Sonder om te aarsel het Wepener dadelik in die dorp rondgegaan om gewere en ammunisie te verkry. In die namiddag slaag hy dan ook daarin om geholpe te raak en hy ry nog dieselfde middag op een van sy karperde deur die Oranjerivier om die Vrystaters te gaan help.

Op 11 Maart 1859 ontmoet president Boshof met enige lede van die Volksraad Nehemiah te Klipplaatsdrift, by welke geleentheid die grensgeskille lewendig bespreek word. Hierop stuur die president aan Mosjesj 'n ultimatum waarop hy 'n antwoord voor 19 Maart verwag. In die ultimatum verwag die president die versekering van Mosjesj dat Poshuli en Lebeneya gedwing sal word om skadevergoeding vir die vernietiging van boereplase te betaal, dat hulle van die Vrystaatse grens verskuif sal word en dat die grenslyn van Warden gerespekteer sal word.[14]

Wepener het intussen by gewapende burgers in die Vrystaat aangekom en 'n paar dae by hulle vertoef om gebeurlikhede af te wag. Op hierdie tydstip was dit betreklik stil op die grens want beide kante het 'n afwagtende houding aangeneem. Berigte het hulle ook bereik dat kommando's in aantog was. Omdat daar op daardie tydstip nie onmiddellike gevaar geheers het nie, is Wepener terug na sy plaas, „Die Nek" om hom gereed te maak om

9. Theal, G. M.: *History of South Africa*, deel IV, p. 51.
10. Spies, F. J. du T.: *Hamelberg en die Oranje-Vrystaat*, p. 135.
11. Lagden, sir G.: *The Basutos*, p. 222.
12. Wepener, F. D. J.: *Louw Wepener*, p. 31-32.
13. Ibid., p. 32.
14. Spies, F. J. du T.: *Hamelberg en die Oranje-Vrystaat*, p. 136-137.

beter toegerus by die kommando's, wanneer hulle op die grens kom, aan te sluit.[15]

Op 19 Maart was die vereiste antwoord van Mosjesj nog nie ontvang nie en gevolglik word die oorlog verklaar deur die President en die Uitvoerende Raad.[16] Die taak wat die Vrystaat hierdeur opgelê is, was van geen ligte aard nie. Hulle het geen georganiseerde polisie- of leërmag besit nie, geen artillerie nie en boonop was daar 'n tekort aan ammunisie. Die vyand was in getalsterkte meer as tien keer sterker as die Vrystaters en dan kan dit met sekerheid gesê word dat hulle byna net so goed gewapen was. Die Basoeto's het boonop die voordeel gehad dat hulle land bestaan het uit berge wat ideale natuurlike vestings was. Hulle het dan ook net vanagter skanse geveg en het hulle nie maklik tot gevegte op die vlaktes laat uitlok nie.[17]

Die eerste vyandighede na die oorlogsverklaring, het in die suide voorgekom. Beersheba was die naam van 'n sendingstasie aan die Caledonrivier. Dit het in die pad gelê van die oprukkende kommando's. Na die regte oordeel van die burgers was dit vanuit 'n militêre oogpunt nie raadsaam om 'n groot klomp Basoeto's op die sendingstasie agter te laat nie. Sauer, die landdros van Smithfield, vergesel van kommandante Van der Walt en Weber het op 23 Maart na Beersheba opgetrek. Moletsi, 'n Basoetokaptein by die sendingstasie, het met sy volgelinge die spat geneem. Bevel is deur Sauer uitgevaardig dat die inwoners van die sendingstasie hulle vuurwapens binne vyf minute moes uitlewer en die bevel driemaal binne twee uur herhaal. Mooi, 'n Barolonghoofman, het aan hierdie bevel gehoor gegee, maar die Basoeto's onder Mareka het geweier en 'n vyandige houding ingeneem waarop die burgers op hulle gevuur en dertig gedood het. Na die ontwapening van Beersheba het die suidelike Vrystaatse kommando onder kommandant-generaal Weber Bastoetoland binne geruk.[18]

Louw Wepener het intussen alle toerusting vir die stryd gereed gekry. Twee van sy seuns, Dick Wepener en Christiaan du Rand stuur hy solank vooruit oor die grens. Vyf of ses dae later sluit hulle, ten volle toegerus met wa, osse, tent, benodigdhede en gewere, by hulle aan op die grens tussen die Vrystaat en Basoetoland. Tot sy teleurstelling moes hy egter uitvind dat die kommando reeds Basoetoland ingetrek het. Eers probeer Wepener die wagte op die grenslyn te oorreed om saam met hom Basoetoland binne te trek. Hierin slaag hy egter nie daar hulle getalle te klein was. Daarna probeer hy om self 'n kommando op die been te bring.[19]

Intussen het die suidelike kommando heelwat sukses in hulle intog in Basoetoland gehad. Op 28 Maart arriveer die kommando voor Vechtkop, 'n verskanste bergvesting en stat van Poshuli. Na 'n hewige geveg, vlug die Basoeto's uit hulle vesting en die volgende dag word die hutte afgebrand.[20]

15. Wepener, F. D. J.: *Louw Wepener*, p. 32.
16. Spies, F. J. du T.: *Hamelberg en die Oranje-Vrystaat*, p. 137.
17. Lagden, sir G.: *The Basutos*, p. 224.
18. Grobbelaar, p. 58-60.
19. Wepener, p. 33.
20. Theal, p. 60.

Die kommando trek verder noord en op 30 Maart was die kommando regoor Mohalieshoek.[21] Op 3 April is weer met die vyand onder Letsie slaags geraak. 'n Afdeling burgers van die kommando onder veldkornet Pienaar is deur die Basoeto's in 'n hinderlaag gelok by „Die Hel", 'n baie gevaarlike en bedrieglike kloof met die gevolg dat 16 burgers die lewe gelaat het terwyl 61 krygers van die vyand en een blanke wat aan hulle kant geveg het, gesneuwel het.[22] Die krygsraad het op hierdie tydstip besluit dat sy getalle te klein is om teen die sterk vesting van Letsie op te ruk; daarom trek die kommando terug na Jammerberg aan die Caledonrivier om die aankoms van die noordelike kommando af te wag, ten einde dan gesamentlik Letsie se stat Morija aan te val.[23]

Die burgers van die noordelike Vrystaat was georganiseer in twee kommando's onder kommandante F. Senekal en W. J. Pretorius. Op 25 Maart val hulle Paulus Moperi en Molitsana aan by Korrannaberg en verslaan hulle met 'n groot lewensverlies aan die kant van die vyand.[24] Op die 12de April trek die kommando oor die Caledon en val die vyand op die hange van die Bereaberg aan. Hulle moes egter vinnig terugval na hulle kamp by Platberg, toe 'n groot Basoetomag hulle terugtog bedreig het. Van toe af tot die 14de April val die Basoeto's die laer gedurig aan maar moes terugtrek gevolg deur die Boere.[25]

Op 25 April slaag die noordelike en suidelike kommando's daarin om te verenig en ruk toe op na Letsie, Mosjesj se oudste seun, se bergvesting by Morija. Sonder veel teenstand slaag die Vrystaters daarin om die onderdane van Letsie uit hulle bergvesting en stat te verdryf. Hier kom die burgers toe af op die verminkte lyke van die burgers wat by „Die Hel" geval het.[26]

Reeds voor die aanval op Morija het 'n verkeerde gees hom onder die burgers openbaar. Tweedrag en tugteloosheid was aan die orde van die dag. Met hierdie swak dissipline onder hulle ruk die verenigde kommando op na Thaba Bosigo, die sterk verskanste bergvesting van Mosjesj self, waar 'n baie sterk Basoetomag gekonsentreer was. Die berg was weldra deur die burgers bestorm, dog sonder sukses. Hierdie mislukte aanval het die burgers baie ontmoedig. Op hierdie tydstip het ook in die laer die tyding aangekom dat die Basoeto's reeds twee invalle in die Vrystaat gemaak het en groot dele daarvan in puin gelê het. Reeds tydens die gevegte van 12, 13 en 14 April het 'n inval in die Winburgse distrik plaasgevind. Ook die Caledonrivier-distrik het 'n soortgelyke inval beleef maar met ernstiger gevolge. Die gevolg was dat die kommando teruggetrek het. Tweedrag het

21. Ibid.
22. Grobbelaar, p. 60.
23. Ibid.
24. Theal, p. 60.
25. Lagden, p. 231.
26. Ibid., p. 233. „Exhibited in ghastly array were portions of the mutilated bodies of some of their comrades who had fallen at the "Hell", preserved either as trophies or as material for use by native doctors in concocting vile war medicines composed partly of human remains."

weer onder die burgers ontstaan en baie het die leër verlaat. Daar was vir die krygsraad geen ander weg oop nie as om verdere krygsverrigtings te staak.[27]

President Boshoff slaag gelukkig daarin om sir George Grey, die goewerneur van die Kaapkolonie te kry om as bemiddelaar tussen die Vrystaat en Basoetoland op te tree. Op 29 September 1858 word die Traktaat van Aliwal-Noord eindelik gesluit waardeur die Warden-grenslyn in die noorde en ooste bevestig is, terwyl die Basoeto's in die suide 'n groot gebied tussen die Caledon- en Oranjerivier bygekry het. Op 15 Oktober 1858 het Mosjesj hierdie Traktaat onderteken.

Hoewel Louw Wepener nie self aan hierdie oorlog kon deelneem nie, het hy nogtans nie na sy plaas in die Kolonie teruggekeer nie, nie voordat die oorlog beëindig was nie. Met vredesluiting vind ons hom nog oorkant die Caledonrivier.[28]

Na die oorlog het Louw Wepener besluit om 'n Vrystaatse burger te word. Na verskeie besigheidstogte na die Vrystaat het hy eindelik aan die grens van die Bethulie-sendingstasie twee plase gekoop, nl. „Constansie" en „Moordenaarspoort". In 1862 trek Wepener uit die kolonie en vestig hom permanent in die Vrystaat.[29] Wepener was 'n vooruitstrewende en betreklik opgevoede man vir sy tyd en het gou die vertroue en agting van sy mede-landgenote in die Vrystaat afgedwing. In Bethulie het hy weldra die aandag getrek met die gevolg dat hy as vrederegter aangestel word.[30]

Die Basoeto-vraagstuk was deur die Traktaat van Aliwal-Noord in 1859 nie opgelos nie, en Mosjesj het weldra sy onderdane toegelaat om hulle grensskendings te hervat. Toe Jan Hendrik Brand in 1864 Pretorius opvolg as president van die Oranje-Vrystaat het hy, ten einde die onuithoudbare toestand te beëindig, sir Philip Woodhouse, die goewerneur van die Kaapkolonie, gevra om die Grey-grens van 1859 behoorlik te kom aanwys. Die Kaapse goewerneur het hom goed van sy taak gekwyt en die Vrystaat in hoofsaak in die gelyk gegee. Hy het Mosjesj daarop gewys dat sy onderdane hulle sedert jare skuldig gemaak het aan skending van die grense, en hom aangeraai om die grond waarop hulle hul wederregtelik gevestig het, te ontruim. Op hierdie tydstip word in groot getalle rooftogte en veediefstalle deur die Basoeto's gepleeg. Toe Mosjesj onder allerlei voorwendsels die raad van die goewerneur in die wind slaan, het die Vrystaatse regering in Junie geen ander uitweg gehad nie as om oorlog te verklaar.

In die Bethulie-distrik is daar dadelik begin om 'n kommando op die been te bring. Die Kommandant van Bethulie, Gert Venter, was op hierdie tydstip weg op 'n besigheidstog na Port Elizabeth en 'n opvolger moes in sy plek aangewys word. Louw Wepener het dadelik vir 'n sekere Henning Joubert voorgestel, maar hyself is egter eenparig as wn. Kommandant uitgeroep.[31]

27. Grobbelaar, p. 63.
28. Wepener, p. 34.
29. Ibid., p. 35.
30. Preller, G. S., p. 120.
31. Wepener, p. 39.

Alvorens daartoe oorgegaan word om die verloop van die oorlog te beskrywe, moet eers een en ander oor die oorlogsterkte van die strydende partye meegedeel word. Die bevolking van die Republiek het sedert die eerste Basoeto-oorlog aansienlik aangegroei veral deur immigrasie. Hulle is verder versterk deur 'n offensiewe en defensiewe verbond wat met die Barolongs gesluit is. 'n Aantal Fingo's van Herchel het ook by die Vrystaat aangesluit en daarby sommige Grikwas van Adam Kok. Vanuit die Transvaal kon die Vrystaat geen onmiddellike hulp verwag nie, aangesien die noordelike republiek moeilikheid met die Zulukaptein, Cetewayo, gehad het. Net soos in die Eerste Basoeto-oorlog kon die Vrystaat weer geen hulp vanuit die Kaapkolonie verwag nie, want Woodhouse het ook 'n proklamasie uitgevaardig waarin 'n strenge neutraliteit gehandhaaf word. Volgens Theal was daar vyf Basoeto krygsmanne teen een burger. Mosjesj se geledere is ook deur die Temboes en die Baphuti onder Morosi versterk. Die Basoeto's het sterk natuurlike vestings soos Thaba Bosigo, Kiemie- en Tandjiesberg gehad en hulle het gesorg dat Basoetoland die terrein van krygsverrigtinge word, sodat die Vrystaat met sy onbeskermde grenslyn, maklik die prooi van rooftogte kan word. Wat krygsmateriaal betref, was die partye ongeveer ewe sterk.[32]

Op 'n krygsraad wat gehou is, is daar besluit om eerste vir Paulus Moperi, Mosjesj se broer, aan te val. Op 13 Junie 1865 het die kommando's net twee myl buite sy kraal, Mabolela, gekampeer. Fick is tot kommandant-generaal gekies en die volgende oggend ruk hy met 'n mag van 850 burgers op om Moperi aan te val. Hier het die Boere sterk teenkanting ondervind want Moperi se magte was verder versterk deur die krygers van kapteins Molapo, Masupha, Lerothodi en Molitsane. Toe die Basoeto's boonop daarin slaag om die burgermagte te omflank en die kamp te bedreig, was Fick verplig om terug te val.[33] Preller sê dat hierdie mislukte aanval op Mabolela veroorsaak is deur verontagsaming van Louw Wepener se raad. Wat hierdie raad behels het, kon ek egter nie vasstel nie.[34]

Die volgende dag was byna al die offisiere van die krygsraad daarmee eens dat dit foutief sou wees om Mabolela aan te val met so 'n groot vyandige mag daar. Hiermee het Louw Wepener glad nie saamgestem nie. Hy was van mening dat, as die mag moes terugtrek, die burgers onnodig moed sou verloor waardeur die Basoeto's dan nog verder geïnspireer sou word. Dit was absoluut nodig om Moperi se stat in te neem. Hy bied dus aan om met vrywilligers van die ander kommando's en sy eie manskappe op wie hy vertrou het, die stat te bestorm. Hy is egter oorstem en moes van sy plan afsien en terugval.[35]

Op die 20ste Junie val Poshuli met die hulp van Morosi die Vrystaat met tweeduisend krygers by die samevloeiing van die Wilgeboomspruit en Caledonrivier binne en roof, plunder en verbrand die hele distrik voor hulle. Verder noord val 'n mag onder Moperi en Masupha ook die Vrystaat binne

32. Grobbelaar, p. 130-132.
33. Theal, p. 166, 167.
34. Preller, p. 12.
35. Theal, p. 167-168.

en 'n groot verwoesting en plundering vind in die grensdistrikte plaas. Ook in die noorde trek Molapo en Ramanela oor die grens die Vrystaat in met dieselfde verwoestende uitwerking.[36]

Hierdie invalle was juis een van die gevare wat kommandant Wepener voorsien en wou vermy het, daarom dat hy so gretig was om Moperi se stat te verower.[37] Die Vrystaatse leër is inderhaas in drie gedeeltes verdeel. Die noordelike kommando onder kommandant C. de Villiers, die sentrale Vrystaatse kommando onder kommandant Fick en die suidelike kommando onder kommandant Wepener. Die opdrag aan die kommando's was om Basoetoland van drie rigtings binne te val, om dan by Thaba Bosigo te verenig.[38]

Aan hierdie bevel gee Wepener dan ook daadwerklik gehoor en ruk Basoetoland by Koesberg binne. Op 13 Julie vind Wepener en sy burgers hulle voor die sterk verskanste bergvesting Vechtkop van Poshuli. Om die berg te bestorm word geen burgers gekommandeer nie, maar Wepener vra slegs vir vrywilligers.[39] Die aanvalstegniek wat Wepener hier gebruik, toon die krygsmanskap wat hy besit het. 'n Tegniek wat later in die Derde Basoeto-oorlog met net soveel sukses deur kmdt. Pansegrouw toegepas sou word. Terwyl kmdt. Finley met kanonvuur Vechtkop van die suide aanval, ruk Wepener stil uit die noordelike rigting op die vesting af. Hierdie *maneuver* geskied vier-uur in die oggend, toe dit nog donker was. Die burgers was reeds halfpad die berg op voor hulle deur die vyand gewaar word en voor dit goed lig was, is die vesting in hulle hande sonder enige lewensverlies aan die kant van die Vrystaters.[40]

Van Vechtkop ruk kmdt. Wepener verder Basoetoland in. Aan die Kornetspruit, kort bokant waar dit in die Oranjerivier saamvloei, trek hy sy laer en stuur vandaar 'n kommando uit om die vyand waar moontlik lastig te val. Hierdie kommando trek tot aan Pampoenspruit, 'n sytak van die Oranjerivier, en toe noordwaarts met die spruit op. Hulle het egter geen mans teëgekom nie, net vrouens en keer toe terug na die laer.[41]

Van hier ruk die kommando onder Wepener op na Mohalieshoek waar die Basoeto's na 'n kort skermutseling vlug en die statte vernietig word.[42] Hierna val Wepener Maloenshoek aan. Maloenshoek eindig met 'n lang kloof van ongeveer ses myl. Hierdie kloof was bekend as „Die Hel" (dieselfde plek waar veldkornet Pienaar en sy manskappe in 1858 in 'n hinderlaag gelok was). Wepener verdeel sy mag in drie klompe en bestorm die kloof, twee afdelings op die kante en die derde afdeling in die middel. Hierdie bestorming laat die Basoeto's die kloof uitvlug.[43] So trek Wepener nog noordwaarts en vernietig een na die ander stat van Poshuli. Eers word Rapportsberg en vervolgens Makwaisberg wat albei verskanste bergvestings was, bestorm en sonder veel moeite verower. Ook uit die goed verskanste

36. Ibid., p. 168-173.
37. Wepener, F. D. J., p. 34.
38. Grobbelaar, p. 134.
39. Grobbelaar, p. 136.
40. Wepener, p. 45.
41. Wepener, p. 46.
42. Ibid., p. 46
43. Ibid., p. 46-47.

vesting van Tandjiesberg vlug die rowerkaptein, Poshuli spoedig voor die oprukkende burgers.[44]

Na hierdie verowering ruk Wepener op na Matsieng, die nuwe stat van Letsie wat hy gebou het na Morija in 1858 vernietig is. Op 31 Julie trek Wepener laer op voor hierdie bergvesting. In die donker bestyg die burgers die berg van die westekant af. Hulle word eers gewaar toe hulle op die kruin is waar die Basoeto's hulle bestorm met perderuiters. Hierdie aanslag is egter gou afgeslaan en Letsie en sy krygers vlug en laat 'n groot hoeveelheid vee agter.[45] Kommandant Wepener het ook op dieselfde dag 'n proklamasie uitgevaardig waarin hy die gebied deur hom verower vir die Vrystaat annekseer. Die gebied is vroeër bewoon deur die mense van Lebeneya, Putsani, Poshuli, Makwai, Mohali en Letsie.[46] Hierdie grens sou wees — 'n reguit lyn vanaf Bamboesplaats aan die ooste van Pampoenspruit tot by Thaba Tele 'n bergspits van die Malutiberge, omtrent drie myl oos van Matsieng en van daardie punt in 'n reguit lyn noord volgens die kompas tot aan die Caledonrivier.[47]

Intussen het ook die noordelike kommando onder kmdt. Fick op verskillende plekke geseëvier. Op 29 Junie verdryf hy 'n groot Basoetomag na 'n daglange geveg. Vervolgens is Moletsani uit sy gebied rondom Mekwatling verdryf en hierdie stuk grond is as Vrystaatse gebied geproklameer. Op 17 Julie ruk hy weer teen Mabolela op en neem hierdie stat sonder weerstand aangesien Moperi gevlug het. Daarna het Fick in die rigting van Bereaberg getrek en die Caledonrivier oorgesteek en op dieselfde dag, 20 Julie, Masupha se stat aangeval. Hoewel die Basoeto's goed bewapen was (hulle het selfs twee kanonne besit), het hulle na swak teenstand gevlug. Vanaf die suidwestelike punt van die Bereaberg regoor Thaba Bosigo slaag beide die Armstrong- en Whitworthkanonne van die Vrystaters om hierdie vesting effektief te bombardeer.[48]

Op 3 Augustus vertrek Wepener van Matsieng en ontmoet 'n kommando wat Fick uitgestuur het om hom te ontmoet. Van hulle verneem hy van 'n sterk Basoetomag wat met 'n aantal waens hulle in die Korakorakloof bevind. Hierdie kloof is in die onmiddellike nabyheid van Thaba Bosigo en is baie ruig en steil. Onverskrokke lei Wepener die voorpunt, storm die kommando die kloof in en gou vlug die berede mag van die Basoeto's die kloof bo-uit. Die volgende oggend het die burgers die waens wat belaai was, en wat die Basoeto's in hulle vlug in die kloof agtergelaat het, gaan haal en vandaar trek Wepener op en sluit by die hooflaer voor Thaba Bosigo aan.[49]

Met die eerste ontmoeting blyk dit duidelik dat daar tussen die leiers 'n duidelike gevoel van jaloesie en tweedrag geheers het. Hierdie onenigheid ontstaan veral oor wie kommandant-generaal oor die verenigde mag sou

44. Ibid., p. 47.
45. Wepener, p. 47-48.
46. Grobbelaar, p. 136.
47. Theal, p. 176.
48. Grobbelaar, p. 135-136.
49. Wepener, p. 49-51. Ook 'reller, p. 122.

wees. Daar Fick reeds voor die eerste aanslag op die stat van Moperi as kommandant-generaal aangewys was, kon daar nie begryp word waarom daar weer op hierdie stadium 'n kommandant-generaal gekies moes word nie. So 'n voorstel is op die krygsraad, deur kommandant De Villiers voorgestel. Hierteen het Fick sterk beswaar gemaak en toe kmdt. Wepener voorstel dat die President as opperbevelhebber so 'n aanstelling moes maak, het Fick nog onstuimiger geraak en die Krygsraad verlaat. Om 'n tweede mislukking in die verowering van Thaba Bosigo te voorkom, is Fick gelyk gegee.[50] Hierdie onenigheid moes noodgedwonge 'n invloed op die verdere krygsverrigtinge asook op die moraal van die burgers laat geld.


Temidde van hierdie toestand van onenigheid onder die Vrystaatse kommando, is besluit om Thaba Bosigo te bestorm. Aan die suide is daar 'n nek waar Thaba Bosigo teen die omliggende bergrande aansluit. Kommandant Fick beveel Wepener om vandaar Thaba Bosigo te bestorm. In die vroeë oggend toe dit nog donker was, trek Wepener met sy manskappe vanuit die Boerelaer en met 'n draai bereik hy die nek teen sonop. Onmiddellik maak hy 'n aanval op die vesting en die burgers storm tot onder die kranse sonder enige lewensverlies. Volgens Grobbelaar slaag vier burgers ook daarin om die top van die berg te bereik. Die kommando kom egter nie daaruit nie en moes onverrigtersake na die laer terugkeer.[51]

Twee dae na hierdie mislukte aanval op Mosjesj se volmaakte natuurlike vesting, beveel Fick kmdt. Wepener om met 'n kommando van 1,500 man dieper Basoetoland in te trek om sodoende die vyand elders aan te tas, blykbaar met die bedoeling om die aandag van die Basoeto's van Thaba Bosigo af te trek en terselfdertyd hulle mag sodoende te toets. In die nag trek Wepener 'n paar myl suid van Thaba Bosigo verby en toe dit lig word, bevind hy hom reeds in die Malutiberge. Die hele dag trek hulle dieper die vyandelike gebied in, op soek na moontlike Basoetokommando's maar nêrens kon hulle enige bespeur nie. In die nag het dit mistige weer geword en Wepener het besluit om heeltemal terug te trek daar hy bevrees was vir sneeu. Dit moet daarop gelet word dat daar hierdie tyd van die jaar gewoonlik baie sneeustorms in die Malutiberge voorkom. Dus het Wepener verstandig gehandel, daar dit na so 'n storm snerpend koud kan word. Hoewel hy met hierdie tog geen skermutseling met die vyand gehad het nie, slaag hy tog daarin om 'n groot hoeveelheid vee wat deur Basoetokinders in die berge opgepas was, te buit.[52]

Op 14 Augustus het die Krygsraad besluit om die volgende oggend vroeg die berg te bestorm. Daar is besluit dat vrywilligers vir hierdie taak opgeroep sou word. Terwyl die ander offisiere besig was met die organisasie van hierdie vrywilligerkorps het kmdt. Wepener eers die berg gaan spioeneer. Hy het so naby aan die vyand gekom dat daar selfs 'n paar skote op hom gevuur was. In sy sakboek het hy 'n kaart van die omgewing gemaak en

50. Ibid.
51. Ibid.
52. Wepener, *Louw Wepener.*

nadat hy in die laer terug was, het hy die omstandighede soos hy dit gevind het aan die ander offisiere verduidelik.[53]




Dit sal op hierdie tydstip heeltemal van pas wees om die vesting Thaba Bosigo van nader te bekyk. Hierdie berg is in die voetrante van die Malutiberge geleë. Soos dit met die meeste berge, koppe en rante in hierdie deel van die land die geval is, is Thaba Bosigo 'n berg wat geleidelik vanuit die gelyktes opstyg in 'n reëlmatige lyn. Al versperring wat 'n mens teëkom is los rotsblokke en hier en daar 'n rotslyn wat maklik beklim kan word. Voor jy die kruin van die berg bereik, vind jy jou skielik voor loodregte kranse wat honderde voete die lug inskiet en jou verdere pad heeltemal versper. Enkele plekke bestaan tog waar daar nou deurgange in die rotsformasie is waarmee jy na die plat kruin van die berg kan klim. Hierdie enkele bergpaadjies is dan ook sterk deur die Basoeto's verskans en verdedig. Bo-op die berg het die stat van Mosjesj gelê waarvan ons nog die murasies kan sien. Die plat kruin van die berg is met gras begroei met hier en daar groot duine dryfsand wat volgens die Basoeto's nooit stilstaan nie maar altyd aan die beweeg is.


Lank voor ligdag het die kommando's reeds uit die Boerelaer vertrek

53. Ibid.

en in die rigting van Thaba Bosigo beweeg. Tweehonderd Fingo's is na die suidelike punt van die berg (sien punt K op Kaart Nr. 2) gestuur terwyl kmdt. Webster met 'n aantal Barolongs 'n koppie (C) meer noord van die laer moes beset sodat die kamp nie van hierdie kante af, moontlik aangeval kon word nie. Die vrywilligers onder aanvoering van kmdt. Wepener tesame met twee kanonne aan hom opgedra, sou die berg vanaf 'n punt (D) bestorm met behulp van die voetpad wat van Job se huis (E) geloop het.[54]

Baie tyd het nou verlore gegaan en dit was eers teen nege-uur voor die verskillende afdelings hulle aangewese terreine bereik het. Die klaarblyklike gevoel van jaloesie en tweedrag wat daar tussen die leiers geheers het, spreek duidelik uit hierdie vertragings. Tweespalt tussen die leiers was so sterk dat Fick selfs op 'n tydstip besluit het om die aanval vir die dag te staak.[54]

Terwyl dit laat begin word, is daar weer van nuuts af op 'n ander




aanvalsplan besluit. Wepener was op hierdie tydstip met sy kommando regoor Job se huis en het die berg van hier met sy verkyker bespied. Toe hy berig van die nuwe aanvalsplan kry, stuur hy 'n boodskapper aan kmdt.

54. Grobbelaar, p. 137.

Fick met die versoek om, voordat hy voortgaan met die uitvoering van sy besluit, eers die berg daar te kom besigtig. Kommandant Wepener bied aan om saam met vrywilligers die berg op daardie punt te bestorm. Aan hierdie versoek gee Fick toe en beveel hom om te storm en die berg te vat. Toe die dappere kmdt. Wepener die bevel kry, ry hy ongeveer tien treë vorentoe en spreek die burgers met die volgende woorde toe: „Burgers, dit is laat maar ek het order gekry om die berg te neem. Die my lief het, volg my."[55]

Na die onverskrokke Wepener hierdie woorde gebesig het, ruk hy sy perd om en storm op die voet van Thaba Bosigo af. Vyfhonderd (500) man het saam met hom gestorm. (F. D. J. Wepener skat dit op 300.) Dit is egter seker dat hoe hoër hulle die berg bestyg het, hoe meer is hulle geledere uitgedun deur manskappe wat agtergebly het en self omgedraai het. 'n Rotslys aan die voet van die berg is dadelik stormenderhand geneem, waar Wepener met sy manne afgesaal het en hulle gereed gemaak het vir die aanval. Onder 'n hewige kanonvuur op die kant van die berg as dekking, begin Wepener aan die voorpunt van sy burgers die berg opkruip, terwyl hulle agter los klippe en rotsblokke skuil. Om hulle vooruitgang te stuit, laat die Basoeto's letterlik lood en rotsblokke op hulle reën. Na Wepener-hulle 'n uur boontoe geklouter het, is die eerste loodregte kranse bereik en moes hulle op mekaar se skouers staan om bo te kom. Toe hulle na veel gesukkel eindelik voor die Khubetu pas (G) aankom, moes hulle tot hul teleurstelling ontdek dat die Basoeto's dit met rotsblokke verskans het en dus hulle deurtog na die top belet het.[56]

By Wepener was daar nie meer as honderd burgers nie en hy stuur dadelik 'n boodskap na kmdt. Fick dat hy versterkings nodig het. Die son het reeds al op die westerkim gelê en dit sou aanstons ondergaan. Daar kon dus nie getalm word nie en Wepener, gevolg deur sy stiefseun C. du Rand, Carl Mathey, Jacobus Engelbrecht en Adam Raubenheimer (volgens Wepener, F. D. J., p. 63) storm op die Basoetoskanse af. Agter hierdie skanse het dit gewemel van Basoeto's. Die dapper Wepener met sy pistool in die hand, slaag daarin om onder lewensgevaar die eerste skans te bereik en spring daarin, gevolg deur die ander manskappe.[57] Hulle was nie lank in die eerste skans nie toe Wepener bevel gee dat daar ruimte gemaak moet word vir die ander burgers wat volg. Weer op die voorpunt van sy manskappe slaag Wepener-hulle daarin om die tweede Basoetoskans in besit te neem. Die goed verskanste Basoeto's is besig om 'n hewige aanval op hierdie klein bende te los. Dis nou net sonsondergang. Van hier storm Wepener op die derde skans af. Die ander volg hom en toe Adam Raubenheimer uit die tweede skans hom wil volg, word hy dodelik gewond. Ook Jacobus Engelbrecht sneuwel hier. Voor die derde skans word ook kmdt. Wepener noodlottig getref. Hy het net uitgeroep: „Ek is dodelik gewond" en toe neergesyg.[58]

Die burgers onder kmdt. Wessels wat ook saam met Wepener aan die

55. Wepener, p. 62.
56. Grobbelaar, p. 138.
57. Grobbelaar, p. 138.
58. Wepener, p. 63-65.

bestorming deelgeneem het, kruip egter nog steeds voort teen Thaba Bosigo uit. Die Basoeto's is uitgeput en besluit om 'n laaste verwoede aanval te maak. Kommandant Wessels word ook swaar gewond en toe die burgers hoor dat die Basoeto's aanstorm, verlaat alle moed hulle en vlug in alleryl die berg af. Die kanonne moes nou die Basoeto's in bedwang hou, sodat hulle nie die vlugtende burgers met noodlottige gevolge kan agtervolg nie. Teen skemerdonker kom die burgers in die laer aan en Louw Wepener en nege van sy dapper helde bly op Thaba Bosigo agter. Vir die tweede maal het die aanval op Mosjesj se bergvesting misluk.[59]

Daar is baie bespiegelings omtrent die verminking van kmdt. Wepener se lyk wat in die hande van die Basoeto's geval het. Die Franse sendeling Coillard ontken dit egter en voeg daarby dat een van sy sendelinge persoonlik Wepener en sy gesneuwelde makkers begrawe het. (Sien Grobbelaar, J. J. G., voetnota 77, p. 138.) Volgens F. D. J. Wepener het J. Burnet, siviele kommissaris van Aliwal-Noord in 'n brief aan die weduwee Wepener verklaar dat hy twee dae na die geveg op Thaba Bosigo was in verband met „Britse belange", dat hy die lyk van kommandant Wepener gesien het en dat hy instruksies gegee het dat die lyk begrawe moet word. F. D. J. Wepener het persoonlik vir Burnet in Aliwal-Noord oor hierdie verband gaan spreek. Hier het Burnet aan hom vertel dat hy gesien het dat die lyk van die kommandant oopgesny was. Burnet het aan George Mosjesj, seun van die Basoeto-opperhoof gevra waarom dit so was, waarop George geantwoord het dat Mosjesj beveel het dat die hart uitgehaal moes word en gebraai word en dat elke jong kaptein 'n stukkie moes eet sodat hulle ook dapper kan word soos Wepener.[60]

Om tot die waarheid in enige van hierdie twee stellings te kom, is dit nodig om 'n breër uitkyk op sake in en om Basoetoland te kry. Eerstens het die sendelinge van die Paryse Sendinggenootskap wat onder die Basoeto's gearbei het, geen goeie gedagtes teenoor die burgers van die Vrystaat gekoester nie. Hierdie vyandige gevoel spreek duidelik in die oordrewe en verdraaide verslae in die Kaapse pers en oorseese sendingtydskrifte van die wreedheid en onmenslikheid van die Boer na die vernietiging van hulle sendingstasies, Beersheba en Morija in die eerste Basoeto-oorlog.[61] Dit kan dus met sekerheid aanvaar word dat enige weergawe van die stryd en hulle oordeel en voorstelling daarvan eensydig en ten gunste van die Basoeto's sou wees.

Toe die Franse sendelinge in 1833 in Basoetoland aankom, het hulle 'n heeltemal heidense, barbaarse volk daar aangetref. Die mag van die toordokter was baie sterk en dit was vanselfsprekend dat hulle binne die bestek van nog dertig jaar glad nie daarin kon slaag om die hele Basoetovolk te kersten nie. Selfs Mosjesj het tot sy dood nooit die Christelike geloof aangeneem nie. Die teenoorgestelde was eerder die geval, want hoe langer die stryd teen die Boere geduur het, hoe meer het hy op die waarsêery van sy toordokters staat gemaak. Met die aanvang van die stryd in 1865 was hy

59. Grobbelaar, p. 138-139.
60. Wepener, p. 66-67.
61. Grobbelaar, p. 59.

heeltemal onder hulle mag.[62] Dit is bekend dat voor die koms van die Voortrekkers daar op groot skaal mensvretery in Basoetoland gepleeg is. Dit is bekend dat selfs Mosjesj se grootvader, Pete, deur hulle opgevreet is.[63] Die lyke van die burgers wat gedurende die Eerste Basoeto-oorlog by „Die Hel" geval het, is spesiaal na die kraal van Letsie, die hoofseun en hoofkaptein, gebring met die doel om te dien „as material for use by native doctors in concocting vile war medicines composed partly of human remains".[64]

Selfs in ons huidige lewenstyd vind daar nog telkens rituele moorde onder die Suid-Afrikaanse Bantoe bevolking en wel ook onder die Basoeto's plaas. Hierdie moorde word altyd gepleeg sodat die moordenaar(s) dele van die liggaam van die slagoffer kan gebruik om te dien, soos dit deur 'n toordokter voorgestel word as middel om hom van buitengewone en selfs bomenslike krag en moed te voorsien. Hoeveel te meer nog sou dit die geval in 1865 gewees het.

As ons al hierdie feite in gedagte hou, is dit dus onmoontlik om die woorde van F. D. J. Wepener in twyfel te trek vernaamlik as ons daarop let dat oom Dick, soos hy bekend was, 'n eerbare man was, wat in sy latere leeftyd volksraadslid en landdros van die Vrystaatse Republiek en ook landdros in Zeerust en Heidelberg in die Suid-Afrikaanse Republiek was.

Die dood van kmdt. Wepener en die gevolglike mislukking van die tweede aanval op Thaba Bosigo, het veroorsaak dat die plan om die berg te bestorm nou vir goed prysgegee is aangesien dit beskou is as 'n nodelose opoffering van menselewens. Nooit sou daar weer vir die Vrystaters die geleentheid voorkom om die bergvesting van Mosjesj en sodoende die Basoetovolk te verower nie. Dit is seker dat as Wepener die nodige ondersteuning ontvang het, hy daardie dag Thaba Bosigo sou ingeneem het.

Die stryd sou nog lank voortduur want eers op 3 April 1866 het daar 'n kortstondige vrede met die verdrag van Thaba Bosigo gekom. Hierdie vrede is gevolg deur die Derde Basoeto-oorlog die jaar daarna en voor Mosjesj behoorlik gestraf kon word, is sy gebied as Britse grondgebied geproklameer.

Oom Dick Wepener het met die onderhandelinge wat tot die verdrag van Thaba Bosigo gelei het daarin geslaag om die beendere van sy gestorwe vader uit 'n graf te kry wat deur George Mosjesj, met die toestemming van sy vader, aan hom uitgewys is. Die beendere van Louw Wepener is op sy plaas Constantia begrawe.[65] In die jaar van die simboliese Ossewatrek is kmdt. Wepener se beendere weereens opgegrawe en herbegrawe langs die grootpad tussen Bethulie en Springfontein.

Dat die dood van kmdt. Wepener 'n hewige terugslag vir die stryd van die Vrystaters was, spreek duidelik uit verskillende geskrifte wat daar bestaan. Dit sou dus vanpas wees om ten slotte aandag daaraan te skenk.

Na die tweede aanval op Thaba Bosigo het die Krygsraad die volgende

62. Theal, p. 165.
63. Lagden, p. 25.
64. Ibid., p. 233.
65. Wepener, p. 75-77.

besluit geneem: „De krijgsraad gevoelt zich diep getroffen door het onvergetelik en onherstelbaar verlies, geleden door de dood van zijn voorzitter, wijlen onze Divisie-Kommandant de ed. heer L. Wepener, die zo manmoedig en roemvol voor zijn land mocht sneuvelen in de bestorming van Thaba Bosigo."[66]

In die Vrystaatse Staatskoerant maak pres. J. H. Brand sy dood as volg bekend: „Aan de Staat heeft hij grote en gewichtige diensten bewezen en aan zijn burgers heeft hij 'n voorbeeld gegeven van moed en dapperheid, dat door een iegelik behoort nagevolgd te worden, en allen behoort aan te sporen om met volharding en getrouwheid de krijg voort te zetten."[67]

Aan die weduwee Wepener het pres. Brand o.a. die volgende geskryf: „Door allen werd hij hooggeacht en bemind. Tot Provisioneele Commandant Generaal van het commando gekozen heeft hij een aaneenschakeling van dappere daden verricht die zijn naam aan het late nageslacht zullen voorhouden als een voorbeeld van moed, beleid en getrouwheid. De staat verliest veel."[68]

Voor die Vrystaatse Volksraad het pres. Brand die volgende verslag van die stryd van kmdt. Wepener gedoen: „De Burgers die op de grenzen lagen, trokken Basutoland binne. Zij kozen tot hun aanvoerder de onvergetelike Louw Wepener, wiens moed en beleid bij het bestormen van Vechtkop, het nemen van Letsea's stat, en bij sovele andere gelegenheden zo schitterend hebben uitgeblonken. Als moedig en onverschrokken krijgsman ging hij zijn burgers steeds met 'n goed voorbeeld voor, totdat hij op Thaba Bosigo's kruin aan het hoofd zijner manschappen sneuvelde. Gewichtig zijn de diensten die hij aan de Staat bewezen heeft. Groot is het verlies dat wij door zijn dood geleden hebben. Lang blijve zijn naam in ons aller heugenis, als 'n door allen werd hooggeacht en geëerd.[69]

S. Meyer.

66. Preller, p. 113.
67. Preller, p. 113.
68. Scholtz, G. D.: *President Johannes Hendrik Brand* (Johannesburg 1957) nota (16), p. 53.
68. Preller, p. 114.